Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

7 Maart 2021

VLAK-1 EN ONS BEDIENINGE

Alle lidmate is hartlik welkom by al die eredienste. Ons kan ongelukkig slegs 100 persone in die kerkgebou toelaat en 100 lidmate kan in die Skuur aan die erediens deelneem. Aanddienste begin ook weer volgens die beplanning op die Kalender. Vanaf volgende Sondag (14 Maart) sal ons kinders ook weer katkisasieklasse na die erediens kan bywoon.

Ons moet almal egter steeds baie verantwoordelik optree en te alle tye ons maskers dra en sosiale afstand handhaaf. Veral in die kerkgebou moet ons plek inneem soos aangedui deur die maskeerband op die banke. Sit asb net op plekke waar daar nie maskeerband geplak is nie sodat ons veilig bymekaar kan kom. Lidmate kan ook weer in die konsistorie en moederskamers deelneem aan die erediens.

09:30 OGGENDEREDIENS / INTYDSE UITSENDING: Ds. Piet Venter

Ons sluit Fokusweek 3 af deur weer te kyk na die impak wat Jesus se opstanding op elkeen van ons se lewe maak:

Al wat ek wens……! Hoe meer Paulus ons Here Jesus Christus leer ken het, hoe meer het Hy bewus geword van die ongelooflike rykdom wat Christus se opstanding vir ons inhou! Daardie opstandingskrag van die nuwe lewe is ‘n kragtige en onuitputlike gawe waarmee ons elke dag kan leef! Paulus doen alles in sy vermoë om met die volheid van daardie krag van Christus te leef.

En die enigste manier om dit te doen, is om op Christus te fokus en te groei in jou verhouding met Hom. Dat jy Hom werklik leer ken en verstaan wat die nuwe lewe beteken wat Hy vir jou gegee het. Ook in Efesiers 1 bid Paulus vir die gelowiges dat hulle Jesus regtig sal ken en sal begryp hoe geweldig groot die opstandingskrag is.

Mag dit ook my en jou bede wees: Al wat ek wens….! Dis nie genoeg om net te weet dat Jesus my gered het nie (regverdigmaking)! Dit is ook nodig dat ek weet en verstaan wat die krag en omvang van die nuwe lewe is (heiligmaking).

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 447:1, 3

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Lied 155: 1, 2, 3 ; Votum; Seën; Loflied Sb 2-4: 1, 2; Geloofsbelydenis: Heidelbergse Kategismus Sondag 17

Verootmoedigingsdiens
Wetlesing: Efesiërs 4: 17 - 24; Sing Sb 3-4: 1, 5; Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Filippense 3
Teks: Fil.3: 8 - 14; Sing Lied 422: 1, 3 (kleuters gaan na hulle bediening); Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed; Sing Sb 14-4: 1, 2, 3, 4; Seën; Amenlied: Sb 13-2.

Liefdegawes by die deure: albei kollektes vir die Diakonie.

18:00 AANDEREDIENS / INTYDSE UITSENDING: Student Erasmus Venter

Vanuit Titus 2: 1 – 15 en die Heidelbergse Kategismus Sondag 1 vraag en antwoord 1, sien ons dat ons enigste troos daarin bestaan dat ek en jy aan Christus behoort. Hy het my en jou uitverkies en verlos. Hy bewaar my en jou terwyl alles dien tot jou saligheid in elke omstandighede en beproewings.

Omdat ons aan Christus behoort en Hy ons vrygekoop en verlos het van sonde, daarom wil ek nou vir Hom lewe omdat ek verseker is van my troos. So wil ek gewillig in al my werke Hom dien en aanbid.

Tema: Ek behoort aan Christus en daarom lewe ek vir Hom.

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Lied: 292: 1 en 2. "*My enigste troos in lewe en dood.*"

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Psalm 147: 1 en 2 "*Laat voor die Heer 'n lofsang rys*!" Votum; Seën; Loflied: Lied 334: 1, 3 en 4 "*God is liefde juig ons harte*."

Veroormoedigingsdiens
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Titus 2: 1 – 15 ;
Teks: Titus 2: 11 – 14
Heidelbergse Kategismus: Sondag 1 V&A:1; Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed: Sing Sb 14-2: 1 en Sb 11-2:1 direk na mekaar; Seën; Amenlied: Sb 13-2.

FOKUSTYD WEEK VIER : CHRISTUS EN SY KONINKRYK

In week drie het ons gefokus op die kragtige impak wat Christus se opstanding op ons persoonlike nuwe lewe gemaak het. In week vier gaan ons 'n bietjie wyer kyk! Christus se opstanding was ook die finale bevestiging van sy Koninkryk op aarde. Ons gaan dus ondersoek instel na die betekenis van sy opstanding vir ons lewe in die Koninkryk van God hier op aarde. Watter impak maak ek en jy as koninkryksburgers in ons omgewing?

Maart 2021

Ons bid saam as gemeente!

Ons dank die Here vir Sy gemeente, waarvan ons deel kan wees.
Kom ons dink baie mooi oor al ons voorregte en dank en loof Ons Hemelse Vader daarvoor!!
Dankie vir Woordverkondiging olv ds Piet, Pieter en Erasmus Venter! Versterk en gebruik hulle tot eer van U Naam!

Ons doen spesiale voorbidding vir:

- die uitdra van die evangelie en verkondiging daarvan.
- elke kind wat onderrig word en elke ouer wat help!
- elkeen wat ons kinders help onderrig!
- elkeen wat siek is, herstel of moedeloos is! (Kyk asb na die name in die Dienelkander)

- elkeen wat die Goeie Nuus so nodig het – help ons om medewerkers te wees!

Bid asseblief vir mekaar!!

Ons deel graag gebedsverhorings – stuur dit asb na my (Elsie -072 449 1982).

MEELEWING

- Lien Kruger (Rosetuin 13, groep 1 - 072 458 0250) se hartomleidingoperasie het goed afgeloop. Sy is swak na die operasie maar herstel mooi.
- Josephine de Lange (Groep 17 - 082 786 4380) het ‘n groot blaasoperasie ondergaan en sterk tuis aan.
- Truida van der Walt (Groep 31 - 076 015 8616) ervaar baie probleme met haar rug. Dit blyk dat die rugwerwels besig is om te degenereer en dit veroorsaak skerp pyn in haar heup en lae rug. Ons bid ons orreliste spoedige beterskap toe, sodat sy weer haar plekkie agter die orrel kan inneem.
- Koot van der Walt (Groep 31 -079 395 2789) was die week in Pretoria vir ondersoeke en het Vrydag ‘n klein operasie ondergaan.
- Barend Prinsloo (Groep 33 – 072 063 9050) ly aan ‘n seldsame longsiekte wat sy lewe en bewegings baie inperk. Hy het nuwe medikasie ontvang en getuig met groot blydskap dat sy longe baie verbeter het! Ons is saam met hom dankbaar en bid vir volkome herstel.

Ons bid dat die Here beterskap, herstel en bemoediging sal gee.

BAIE GELUK

- **MATRIEKS 2020**

Ons wens graag al ons matrikulante baie geluk met hulle mooi prestasies in die matriekeksamen. Ons is saam met julle en julle ouers baie dankbaar. Ons bid julle baie seën en leiding van die Here toe vir die volgende fase van julle lewe.

- **HUWELIK**

Baie geluk aan Marcell Kruger wat gister met Lindsay Moll in die huwelik getree het. Ons wens julle ‘n geseënde huwelikslewe toe. Baie geluk ook aan Thys en Karin Kruger.

- Baie geluk ook aan Johan en Magdel Rousseau met die huwelik van hulle dogter gister.

Ons is saam met julle almal bly!

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Isak vd Walt, Lana Labuschagne, Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Joe Coetzee, Annatjie Duvenage, asook Douw en Lien Kruger.

ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke kontak ds. Piet of u ouderling om die nodige reëlings te tref.

BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

Vandag

09:30 Erediens in die kerkgebou en saal
Kleuterbediening
Katkisasie Les 5 - Katkisasieklasse na die erediens begin volgende Sondag, 14 Maart

18:00 Aanddiens

Maandag

17:30 Diakonie: Dagbestuur
18:00 Diakonie: Barmhartigheid DG
18:00 Oosdopperfees
Diensgroep begrotings inhandig

Dinsdag
06:00 Manne Ondersteuningsgroep
17:15 Katkisasie graad 11

Woensdag
17:15 Katkisasie graad 8
18:00 Katkisasie graad 9
18:30 Katkisasie graad 10
19:00 Fokustyd aanlyn vrae en bespreking
Finansdiensgroep en Diensgroepvoorsitters: Begrotings

Donderdag
15:00 Groepbyeenkoms Groep 22
18:00 Elim Bybelstudie
18:00 Ouderling blokvergadering op Zoom: Blokke C en D Gr 19 - 36
19:00 Ouderling blokvergadering op Zoom: Blokke A en B Gr 1 - 18

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 7Maart
Br Dawie du Plessis 082 492 0283

Maandag, 8 Maart
Jbr Michael de Klerk
Jbr Adriaan Pretorius

Dinsdag, 9 Maart
Jsr Coralie Geyer

Donderdag, 11 Maart
Br Daniel Erasmus 067 252 3289
Sr Marna Naude 083 237 8810

Vrydag, 12 Maart
Sr Beatrix Coetzee **(75)** 082 897 7158
Br Lukas Niemand 083 978 0817
Sr Rita Schutte **(78)** 082 654 2811
Jbr Etienne Steenkamp
Br Nardus v Zyl 082 492 9505

Saterdag, 13 Maart
Br Hennie Kilian **(83)** 083 285 3824
Jbr Thinus Vorster 084 505 5010

OOSDOPPERFEES 2021

Liewe gemeente
Ons gaan voort om hierdie jaar se fees te beplan in die vertroue dat die sg “Derde Golf” van die Pandemie verby sal wees voor ons die winter tref!

Die Oosdopperfeeskomitee se vleisafdeling vra asseblief vir beeste of vleisskenkings! Praat gerus met Anna Smith as jy vir ons ‘n vleisdonasie kan gee. Ons gaan weer lekker Oosdopperwors maak na ‘n lang “droogte” in ons vrieskaste!

Hiermee dan ook ‘n ope uitnodiging aan ons hele gemeente: Almal wat betrokke wil en kan wees met beplanning van die fees, vra ons om Maandagaand, 8 Maart om 18:00, saam nuut te kom dink oor ons fees en hoe ons dit hierdie jaar gaan aanpak.

Ons nooi ook die lede wat verlede jaar betrokke was en weer sal help, om te kom sodat ons hierdie hoogtepunt op ons kalender deeglik kan beplan en ‘n groot sukses kan maak.

BYBELLEESPROJEK

Ons lees die week saam aan die laaste paar hoofstukke van Deuteronomium. Lees hierdie week saam aan:

Maandag – Deut. 16:1 – 19:21
Dinsdag – Deut. 20:1 – 23:25
Woensdag – Deut. 24:1 – 25:19
Donderdag – Deut. 26:1 – 27:26
Vrydag – Deut. 28:1 – 29:29
Saterdag – Deut. 30:1 – 32:47
Sondag – Deut. 32:48 – 34:12

Het jy enige vra oor die stof wat ons saam gelees het in Deuteronomium? Kontak Erasmus Venter by 076 090 4459 of eav.venter@gmail.com

ALGEMENE INLIGTING:

KENNISGEWINGBORD

- Tweeslaapkamer-tuinwoonstel te huur.
- Vakature: Administratiewe Buro, Registrateur van die Teologiese Skool. CV na wymiedup@gksa.co.za

WOW-HERWINNINGSPROJEK (WEN ONS WêRELD)

Papier, plastiek, karton, glas, blikkies en polistireen - *hoef nie gesorteer te wees nie, herwinningsitems moet wel in plastieksakke toegebind wees EN PLASTIEKBOTTELS MOET ASB PLAT GETRAP WORD*. **ASB GEEN huisafval nie!** Die glas/blikkies/plastiek moet asb **uitgespoel** wees.

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

ZAPPER (Selfoontoepassing)
Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KOLLEKTES VIR KERKVERBAND

Al die gemeentes in die kerkverband dra ook kollektes af vir besondere behoeftes in die kerke. Vandag se kollektes is vir **Teologiese studentekas.**

SOSIALE MEDIA VIR ONS GEMEENTE

WhatsApp: GK Potch-Oos nommer:
067 713 2332
Webblad: www.oosdoppers.co.za
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers

Videos van elke erediens kan hier gesien word:
Facebookblad: Gereformeerde Kerk Potch-Oos, vir videos van preke by http://ow.ly/ivfZ309vsdc

Ds. Piet stuur weekliks sy preke per e-pos uit. Laat weet hom indien jy dit wil ontvang.

KONTAKBESONDERHEDE: PREDIKANT, HULPDIENS, KANTOOR EN KOSTER

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt - 082 851 3637
Erasmus Venter - 076 090 4459
Kerkkantoor: Adele - 018 290 7690 /
082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl - 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Bank
Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 632-005

Diakonie
ABSA Bank
Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 632-005

Susters
Capitec Bank
Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470-010

SUSTERS IN DIE GELOOF

HOOP IN 'N WÊRELD WAT MET HOPELOOSHEID GEVUL IS.

1 PETRUS 1: 3-4 "...NOU HET ONS 'N LEWENDE HOOP....."

Sustersbydrae

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

Blikkies-Warmharte

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

Baie dankie vir julle getroue bydraes!

Nagmaalete: 28 Maart

Anna Smith en die susters van Blok B nooi die gemeente na 'n heerlike nagmaalete in die vorm van 'n piekniek! Omdat ons beperk is tot 100 persone buite, vra ons dat u so gou moontlik u plek by die kerkkantoor (018 290 7690) bespreek.

Spyskaart: Hoenderpastei, Frikadelle, wortelslaai, aartappelslaai, broodrolletjies en nagereg.

Kostes: R40 p/persoon

Daar is ook 'n lys in die voorportaal van die skuur – bespreek asb vroegtydig julle plekke!!!

Oosdoppertjies

Johannes 3:16

Want so lief het God die wêreld gehad, dat hy sy enigste Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe mag hê.

'N SEUN VIR ADAM EN EVA!



EDENVERLOREN. - Daar was vanoggend groot opgewondenheid toe die heel eerste mensekind gebore is: 'n fris knapie! Eva het gesê sy naam sal Kain wees en met groot dankbaarheid bygevoeg: "Ek het 'n man in die wêreld gebring met die hulp van die Here!" Op 'n vraag of sy nog kinders oorweeg, het sy instemmend geantwoord.
"Ons het 'n opdrag van God gekry om vrugbaar te wees en te vermeerder en ons beplan om hierdie keer God se bevele nougeset uit te voer," het Adam gesê.

Daar is aanvanklik gevrees dat die jong egpaar nie sal kan aanpas by die harde werklikheid van 'n lewe buite Eden nie, maar dit wil tog voorkom of hulle nou hulle voete gevind het. Die verantwoordelikheid wat ouerskap op hulle lê, sal hulle nog meer vasbeslote maak om 'n sukses van hulle taak te maak.
Lees hiervan in Gen. 4:1
Bron: Die Bybelkoerant

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!

Turkstra
BAKKERY
Adres: Sol Plaatjiestr. 7
Potchefstroom
Tel: 018 294 4271
E-pos: turkstrabakery@mweb.co.za
Ons bak met passie / We bake with passion

Help vir Adam en Eva om die pad te vind!